NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

**Saakgelastigde:** **Ds AH Minnaar** **PBO: 9300 13251**

De Langestraat 5 | Privaatsak X8 | 021 957 7104
BELLVILLE | BELLVILLE | bossie@kaapkerk.co.za
7530 | 7535 | www.kaapkerkadmin.co.za

# Begroting 2023
## (1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023)

**1. SINODALE AANDEEL**

1.1 Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) het reeds by verskeie geleenthede sedert Augustus 2021 aan die SKS, Moderatuur en Moderamen verduidelik dat die sinodale begroting onder groot druk is.

1.2 Die STFA het by hulle laaste vergadering in November 2021 die sinodale aandeel begroting vir 2023 (1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023) bevestig, naamlik **R23 miljoen.** Vanjaar (2022) se sinodale aandeel begroting was nog R27,4 miljoen en 2021 se begroting was R28,4 miljoen. Alle tekens is daar dat 2024 se begroting nog 'n daling sal toon.

1.3 'n Daling van R27,4 miljoen na R23 miljoen is 'n **16,1% daling**. Diensgroepe is reeds vroegtydig gewaarsku dat hulle 2023 begroting dus met minstens 16% moet daal.

1.4 Die begroting se grootste uitdaging is dat sinodale aandeel daal, maar dat salarisse styg. Meegaande tabel toon enkele jare vanaf 2007 en dan die laaste vier jaar:

| Jaar | SA | % | Topskaal | % |
|---|---|---|---|---|
| **2007** | 17 000 000 | | 13 500 | 6,0% |
| **2013** | 20 000 000 | 11,1% | 20 090 | 7,0% |
| **2018** | 25 500 000 | 5,1% | 27 800 | 6,5% |
| **2019** | 26 775 000 | 5,0% | 29 610 | 6,5% |
| **2020** | 27 500 000 | 2,7% | 31 400 | 6,0% |
| **2021** | 28 400 000 | 3,3% | 32 970 | 5,0% |
| **2022** | 27 400 000 | (3,5%) | 32 970 | 0,0% |
| **2023** | 23 000 000 | (16,1%) | 34 620 | 5,0% |

1.5 Onderstaande grafiek dui beide sinodale aandeel (skaal links) en topskaal (skaal regs) aan:



1.6 Salarisse van voltydse personeel (Little Seeds en ander vaste termyn kontrakte uitgesluit) was in 2022 (vanjaar) reeds 70,9% van sinodale aandeel. In 2023 styg dit na 91,2%. Die styging is so groot omdat salarisse met 5% styg, maar die sinodale aandeel begroting daal met 16,1%.

| **Beskrywing** | **2022** | **2023** |
|---|---|---|
| **Totale vergoeding:** | 19 423 001,64 | 20 976 840,00 |
| **Sinodale aandeel:** | 27 400 000,00 | 23 000 000,00 |
| **Persentasie:** | 70,9% | 91,2% |

1.7 Die Moderatuur het ’n tweedag gesprekgeleentheid oor sinodale prioriteite by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit gefasiliteer met die hulp van prof Marius Ungerer.

1.8 ’n Taakspan van die Moderatuur het die begroting met elke diensgroepkoördineerder in detail bespreek.

1.9 Hierdie Taakspan moes ’n balans vind tussen die realiteit van die begroting en die Sinode se prioriteite. Die konsep begroting is by die Moderatuur se vergadering van 28 Januarie 2022 goedgekeur met die oog op aanbeveling aan die Moderamen. Sien paragraaf 2 hier onder.

1.10 Die Moderamen sal die herverdeling van die sinodale aandeel toekenning aan elke diensgroep (“die sny van die sinodale koek”) by hulle vergadering in Maart 2022 finaliseer.

1.11 Die mees direkte impak op die begroting was om die vaste bydrae aan die VGK (3%) uit die sinodale aandeel begroting te haal. Onderhandeling met die VGK sal aandui hoe die bedrag uiteindelik verminder kan word. Intussen word dit uit die Kerklike Projekte Reserwe betaal en nie meer uit sinodale aandeel nie.

1.12 Die tweede groot prioriteitsaanpassing was om die bydraes aan studentebearbeiding (ook 3%) te verminder. Dit sal ook nog onderhandel moet word. Die huidige ooreenkoms kan vir bietjie meer as ’n jaar uit reserwes (nie sinodale aandeel nie) bekostig word.

## 2. BEGROTING VIR 1 MAART 2022 TOT 28 FEBRUARIE 2023

2.1 Die verdeling van sinodale aandeel tussen die diensgroepe word in onderstaande tabel verduidelik. Alhoewel die Argief deel van die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing is, word die begroting afsonderlik aangetoon.

| | **%** | **2022** | **%** | **2023** |
|---|---|---|---|---|
| **Barmhartigheid** | 19,0% | 5 206 000 | 18,0% | 4 140 000 |
| **Gemeentes** | 18,0% | 4 932 000 | 13,0% | 2 990 000 |
| **Getuienisaksie** | 28,0% | 7 672 000 | 26,5% | 6 095 000 |
| **Toerusting** | 8,0% | 2 192 000 | 14,5% | 3 335 000 |
| **Argief** | 4,0% | 1 096 000 | 5,0% | 1 150 000 |
| **Ondersteuning** | 9,0% | 2 466 000 | 12,0% | 2 760 000 |
| **Verband** | 14,0% | 3 836 000 | 11,0% | 2 530 000 |
| **TOTAAL** | **100,0%** | **27 400 000** | **100,0%** | **23 000 000** |

2.2 Die bedoeling is om die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding ook te verdeel tussen Gemeente-begeleiding (8%) en Jeug (5%). Gemeentebegeleiding sluit ook Nuwe Gemeente Ontwikkeling in. Die groot daling (18% na 13%) by Gemeentebegeleiding is omdat die Taakspan vir Predikantebegeleiding met 6% na Toerusting geskuif het. ’n Addisionele 1% is daarna aan Gemeentebegeleiding toegeken. Hulle kry dus 13% (18% - 6% + 1%).

2.3 Al die diensgroepe kon daarin slaag om met bostaande toekenning ’n begroting vir 2023 te kon opstel wat balanseer (Inkomste, ook uit reserwes, en uitgawes is ewe veel).

**Annerina Viljoen (Finansiële bestuurder)**
**Bossie Minnaar (Saakgelastigde)**
**29 Januarie 2022**